

HANDLEIDING VIR MEERTALIGE TEKENS



Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp en Theodorus du Plessis



UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



sb

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS
UV



HANDLEIDING VIR MEERTALIGE TEKENS

..... SAAMGESTEL DEUR

Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp en Theodorus du Plessis

.....

AFRIKAANSE VERTALING DEUR JEANNE-LEANNE SMITH

sb **SUNBONANI
CONFERENCE**

Handleiding vir Meertalige Tekens

Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp en Theodorus du Plessis

Afrikaanse vertaling deur Jeanne-Leanne Smith

Met komplimente van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein), geborg deur die Provinsie Antwerpen, Vlaandere (België). Kontak gerus die Eenheid vir verdere inligting by 051 401 2087

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd

Druknaam: SunBonani Conference

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2013 Sun Media Bloemfontein en die Eenheid vir Taalfasilitering en –bemagtiging, Universiteit van die Vrystaat

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlov van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos, of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings uitgespreek in hierdie publikasie is dié van die outeur(s) en weerspieël nie noodwendig die menings van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe, eerste druk 2013

ISBN 978-1-920382-49-0

ISBN 978-1-920382-50-6 (e-boek)

DOI: <https://doi.org/10.18820/9781920382506>

Geset in Myriad Pro 13/15 pt

Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za

Die e-boek is beskikbaar by: <https://doi.org/10.18820/9781920382506>

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	i
AGTERGROND	1
Waarom 'n handleiding oor meertalige tekens?	1
Wat is meertalige tekens?	1
Waarom meertalige tekens?	2
<i>Grondwetlike en wetlike vereistes</i>	2
<i>Internasionale norme</i>	2
<i>Simboliese en funksionele waarde van meertalige tekens</i>	4
Maar waarom nie eentalige tekens nie?	4
STAP-VIR-STAP-GIDS	6
STAP 1: WAAROM RIG U 'N TEKEN OP?	7
Regerings-/amptelike tekens	7
Privaat tekens	7
Funksies van tekens	7

STAP 2: WAAR PLAAS U 'N TEKEN?	8
STAP 3: WATTER REGULASIES MOET U IN AG NEEM?	9
Algemene regulasies	9
Nuttige riglyne	9
Wetgewing	10
STAP 4: HOE KIES U DIE TALE?	12
Gebruik 'n plaaslike taal	12
Waar kan u inligting oor die mees dominante plaaslike tale verkry?	12
STAP 5: HOE VERTOON U DIE TALE?	14
STAP 6: HOE ONTWERP U DIE TEKEN?	17
Kleur van die teken en die teks	17
Font	18
Letter-, woord- en reëlspasiering	19
ANDER PUNTE	21
Gebruik ervare vertalers	21
Gebruik opgeleide letterskilders	21
Gebruik goeie oordeel wanneer tekens vervang word	21
VERWYSINGS	23

VOORWOORD

Hierdie handleiding spruit voort uit navorsing wat onder die vaandel van die MIDP V, wat die oorkoepelende tema van “Meertaligheid vir Bemagtiging” ondersoek, uitgevoer is. Ons is van mening dat hierdie handleiding, wat hom spesifiek op konkrete riglyne vir die hantering van meertalige tekens toespits, tot die bemagtiging van Suid-Afrikaanse burgers sal bydra. Om te verseker dat die handleiding in sy doel slaag, was dit in die gemeenskap van Philippolis (in die Suid-Vrystaat, waar MIDP V gehuisves word) in konsepvorm bekendgestel, gekoppel met marknavorsing, konsultasie met belanghebbendes en ’n bepaling van die handleiding se doeltreffendheid. Dié handleiding is die finale produk van hierdie proses.

Die MIDP (Multilingual Information Development Programme) is ’n projek wat sedert 1999 deur die Provinsie Antwerpen van Vlaandere, België, befonds word. Die projek word in drie-jaar siklusse bedryf. Die MIDP V (2011–2013) se oorhoofse doel is om die reeds-funksionerende meertaligheid in die Xhariep-gebied te verstewig en sodoende die openbare lewe meer toeganklik vir gewone burgers te maak. Elke fase van die MIDP bestaan uit twee komponente, naamlik gemeenskapsontwikkeling en navorsing. Binne die MIDP V fokus die eerste komponent op die opleiding van *ad hoc* taalpraktisyns en die daarstelling

van bronmateriaal vir hierdie taalpraktisyns. Die tweede komponent fokus op verskeie navorsingsprojekte wat in die Xhariep-gebied onderneem word, insluitende publikasies, nagraadse studies en 'n internasionale simposium wat tydens 2012 gehou is. Dié navorsing behels ook die ontwerp en toetsing van hierdie handleiding.

Ons bedank graag die Philippolis-gemeenskap vir hul deelname aan hierdie projek. Die handleiding sou nie sonder hul insette moontlik gewees het nie.

Ons vertrou dat die handleiding in sy doel sal slaag, dat dit gebruik sal word en handig te pas sal kom om 'n regverdige taalbedeling in Suid-Afrika te kultiveer wat tot die voordeel van al sy inwoners sal strek.

Theodorus du Plessis, Chrismi-Rinda Loth en Joan-Marié Steenkamp

Bloemfontein

Mei 2013

AGTERGROND

WAAROM 'N HANDLEIDING OOR MEERTALIGE TEKENS?

Daar bestaan tans geen handleiding in Suid-Afrika rakende die implementering van meertalige tekens nie. Hierdie handleiding beoog om praktiese riglyne te verstrek

- aan amptenare en ander persone wat met die oprig van tekens gemoeid is
- by sowel regerings- as privaat instansies
- oor die wyse waarop meertalige openbare tekens vervaardig word
- volgens die relevante regsvereistes en grondwetlike ideale.

WAT IS MEERTALIGE TEKENS?

Meertalige tekens vertoon meer as een taal op dieselfde bord, byvoorbeeld, op alleenstaande tekens (soos byvoorbeeld pad- en verkeerstekens), geboue, advertensieborde en plakkate, ensovoorts. 'n Meertalige teken vertoon ten minste twee tale ('n tweetalige teken), drie tale ('n drietalige teken) of selfs meer tale. Om praktiese doeleindes is dit raadsaam om nie meer as vier tale

op dieselfde bord te vertoon nie. Ons kan egter bykomende tekens oprig wat meer alternatiewe tale vertoon.

WAAROM MEERTALIGE TEKENS?

Grondwetlike en wetlike vereistes

Die nuwe taalbewind in Suid-Afrika bevorder 'n ongedefinieerde vorm van meertaligheid. Artikel 6 van die Grondwet stipuleer dat nasionale en provinsiale regerings ten alle tye ten minste twee amptelike tale moet gebruik. Hierdie grondwetlike vereiste is van toepassing op die gebruik van tale in die openbare ruimte en dus ook op openbare tekens. In die praktyk beteken dit dat nuwe openbare tekens meertalig moet wees en ten minste een van die tale wat plaaslik prominent gepraat word, vertoon.

Internasionale norme

Meertalige tekens is besig om wêreldwyd die norm te word. Byvoorbeeld, die meeste internasionale lughawens sal ten minste twee of selfs meer tale op tekens vertoon. In die voorbeeld uit Kroasië hiernaas word aan die plaaslike inwoners se voorkeure voorsien deurdat hulle eie taal (Kroaties) eerste vertoon word en die "toeristetaal" (Engels) heel onder. In die tweede voorbeeld is Spaans (die plaaslike taal) die mees prominente taal, al word dit laaste vertoon, omdat dit in 'n groter skrif en 'n ander kleur vertoon word.

KROASIË



Bron: www.dreamstime.com

SPANJE



Bron: <http://www.superstock.com>

Baie lande wat meer as een amptelike taal aangewys het, het 'n beleid oor tweetalige of meertalige tekens. Hierdie lande se standaard praktyk is om twee of meer tale op die openbare tekens te vertoon. In Israel word die mees dominante plaaslike taal (Hebreeus) bo vertoon, gevolg deur Arabies en dan Engels. In die Walliese voorbeeld hieronder word Wallies, die taal wat promoveer word, deur Engels gevolg. Hieronder is voorbeelde van sulke tekens van hierdie lande:

ISRAEL



Bron: www.standwithus.com

WALLIS



Bron: www.apsresources.com.au

Simboliese en funksionele waarde van meertalige tekens

Meertalige tekens is beide funksioneel en simbolies.

Meertalige tekens is funksioneel in lande waar inwoners en besoekers nie noodwendig al die dominante tale wat in 'n gebied gepraat word, verstaan nie. Hierdie tipe tekens stel hulle in staat om steeds hul weg te kan vind. Sommige studies het aangedui dat meertalige tekens ook 'n praktiese keuse is wat bestuurdersveiligheid betref en definitief 'n bekostigbare, langtermyn opsie is.

Meertalige tekens word ook om simboliese oorwegings geïmplementeer. Navorsing het die positiewe impak van meertalige tekens op linguïstiese vitaliteit, samelewingstransformasie en sosiale kohesie bewys. Taalsigbaarheid (van tale wat op tekens in die openbare ruimte vertoon word) dra by tot die (her)legitimisering van tale, wat op sy beurt weer 'n positiewe impak op taalhoudinge het. Met ander woorde, wanneer 'n taal in die openbare ruimte vertoon word, word die waargenome waarde (status en prestige) van daardie spesifieke taal verhoog. Dit dra ook tot die gebruik en ontwikkeling van daardie taal by. In 'n land soos Suid-Afrika, waar die meerderheid tale onderbenut en selfs gemarginaliseer word, kan meertalige tekens 'n belangrike rol speel. Meertalige tekens kan deur 'bo-na-onder' agente (regeringsgesagte) of 'onder-na-bo' agente (nie-regerings, kommersiële en privaat instansies) opgerig word.

MAAR WAAROM NIE EENTALIGE TEKENS NIE?

Sommige mense is van mening dat eentalige tekens goedkoper en selfs eenvoudiger is. Navorsing wat in Wallis uitgevoer is, het bewys dat hierdie denke 'n dwaling is, siende die negatiewe impak van tekens wat nie plaaslike

tale vertoon nie, by verre die koste van meertalige tekens oorskry. Meertalige tekens behoort dus as 'n langtermyn belegging beskou te word. Die aanvanklike koste om meertalige tekens op te rig, mag effens hoër wees weens die ekstra bewoording en vertaaldienste, maar op die lange duur word hierdie koste deur faktore soos die goedgesindheid van voornemende klante, die tekens se gebruiksduur en taalbehoud verreken.

Verder kan eentalige tekens ook as 'n arrogante gebaar beskou word teenoor prominente taalgemeenskappe wie se tale nie in die openbaar vertoon word nie. Omstanders kan dit selfs ervaar dat eentalige tekens imperialisties is en 'n koloniale denkwysse weerspieël. Dit is veral waar in meertalige lande waar taal 'n gevoelige kwessie is.

STAP-VIR-STAP-GIDS

STAP 1:	Waarom rig u 'n teken op?	7
STAP 2:	Waar plaas u 'n teken?	8
STAP 3:	Watter regulasies moet u in ag neem?	9
STAP 4:	Hoe kies u die tale?	12
STAP 5:	Hoe vertoon u die tale?	14
STAP 6:	Hoe ontwerp u die teken?	17

STAP 1: WAAROM RIG U 'N TEKEN OP?

U kan 'n teken oprig óf omdat 'n regeringsinstelling u verplig òf uit vrye keuse as 'n privaat persoon of besigheid.

REGERINGS-/AMPTELIKE TEKENS

Amptelike tekens word deur openbare (regerings-) instansies opgerig, soos straatnaamtekens, padtekens, gebouname, ensovoorts. Hierdie tekens word gewoonlik deur relevante wette en die betrokke owerheid se taalbeleid gereuleer.

PRIVAAT TEKENS

Privaat tekens word deur nie-regeringsinstansies, besigheidsmense, individue, ensovoorts, opgerig, soos tekens op winkels en privaat kantore, advertensies, kennisgewings, ensovoorts. Buiten vir tekens teen privaat wonings, is privaat tekens ook aan die relevante wette en regulasies oor die algemeen onderhewig. Selfs wanneer hierdie wette en regulasies nie taalvoorskrifte insluit nie (m.a.w. riglyne oor hoe om tale op tekens te vertoon), kan diegene wat tekens oprig, steeds beïnvloed word deur die voorbeeld wat deur amptelike tekens gestel word en ook, uiteraard, deur individuele voorkeure.

FUNKSIES VAN TEKENS


Wanneer u 'n teken oprig, moet u die funksie van u teken(s) oorweeg. Verskillende tekens verrig verskillende funksies. Dit

- lei die lesers deur rigtingaanwysers te verskaf,
- identifiseer u instelling deur die naam te vertoon of
- verskaf inligting oor u instelling (byvoorbeeld handelsure, dienste gelewer en/of produkte te koop).

STAP 2: WAAR PLAAS U 'N TEKEN?

Nog 'n belangrike aspek om te oorweeg, is plasing. Dit hang grootliks van die funksie van u teken af. Wil u u lesers na u instelling lei, u instelling identifiseer of meer inligting oor u instelling verskaf? U moet ook u teikenlesers oorweeg, met ander woorde, wie gaan die teken lees? Is dit bestaande klante of probeer u nuwe klante lok? Is dit plaaslike inwoners of besoekers wat slegs deur die dorp reis? Hierdie faktore sal die inhoud van u teken bepaal.

Byvoorbeeld, indien u u instelling wil identifiseer, sal u die naam prominent voor die gebou te vertoon. U mag dalk meer inligting, soos handelsure, op die venster of deur wil verskaf; en spesiale aanbiedinge (tydelike tekens) op die mure. Indien u mense na u instelling wil lei, moet u toestemming kry om rigtingaanwysende tekens langs die pad op te rig.



STAP 3: WATTER REGULASIES MOET U IN AG NEEM?

ALGEMENE REGULASIES

Amptelike en privaat tekenoprigters is aan verskillende regulasies onderhewig. Hoe dit ookal sy, tekens mag nooit onvanpaste taal (soos vloekwoorde) of aanstootlike inhoud vertoon nie.

Indien u die teken op u privaat eiendom wil oprig, hoef u nie toestemming by enige owerheid te verkry nie. Indien u die teken op die sypaadjie of langs die straat wil oprig, moet u toestemming by u plaaslike munisipaliteit verkry. Indien u die teken langs 'n nasionale pad wil oprig, moet u toestemming by u provinsiale Departement van Openbare Werke en Vervoer verkry.

NUTTIGE RIGLYNE

Die *South African Manual for Outdoor Advertising Control* (SAMOAC) en die *South African Roads Traffic Signs Manual* (SARTSM) verskaf riglyne oor beide bo-na-onder (regerings-) en onder-na-bo (privaat) agente.

Die SAMOAC word gesamentlik deur die *Department of Environmental Affairs and Tourism* (DEAT) en die *Department of Transport* (DoT) saamgestel. Dit bevat omvattende klassifisering van alle opelug-advertensieborde. Munisipaliteite ontwerp hul eie handleidings volgens die riglyne van SAMOAC, gewoonlik in die vorm van munisipale regulasies. SAMOAC verstrek egter geen taalvoorskrifte nie. Privaat tekens, soos kommersiële tekens, is dus grootliks ongereguleerd in terme van taalsigbaarheid. Dit is nogtans verkieslik om die dominante tale wat in 'n spesifieke gebied gebruik word, te vertoon.

Die SARTSM word volgens die *National Road Traffic Act* (RSA 1996) gepubliseer en word deur die *South African National Roads Agency Limited*

(SANRAL) saamgestel. Dit verstrek die standaard vir padtekens, insluitende die font, grootte en kleur van skrif op tekens. Die SARTSM vereis nou dat padverkeerstekens in ooreenstemming met die *Southern African Development Community Road Traffic Signs Manual* (DoT 1997) opgerig moet word. Laasgenoemde streef daarna om wesenlike taalgebruik op padverkeerstekens waar moontlik met simbole te vervang. Munisipaliteite is verplig om die riglyne van die SARTSM te volg wanneer hulle padtekens onder hul jurisdiksie oprig. Wanneer naamtekens opgegradeer word, moet noukeurige aandag aan die uitsprake van die Geografiese Namekomitee gegee word.

Regeringsinstellings moet aan die *Corporate Identity and Branding Guidelines* (CIBG) voldoen wat deur die Departement Kuns en Kultuur se erfenisafdeling verskaf word.

WETGEWING

Tydens die vorige bedeling het Suid-Afrika 'n rigiede vorm van statutêre tweetaligheid (Afrikaans en Engels) op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke onderskryf. As 'n reël was openbare tekens meestal tweetalig. Die privaatsektor het in hul voetspore gevolg, soos deur die volgende voorbeelde geïllustreer word:

REGERINGSTEKEN



Bron: CR Loth

PRIVAAT TEKEN



Bron: CR Loth

Die nuwe taalbewind in Suid-Afrika bevorder 'n ongedefinieerde vorm van meertaligheid, wat behels dat daar geen duidelike riglyne rondom die hantering van meertaligheid is nie. Hoe dit ookal sy, taalsigbaarheid vorm deel van taalbeleidbesluitneming op al drie regeringsvlakke (met ander woorde, nasionaal, provinsiaal en plaaslik).

In Suid-Afrika werk nasionale en provinsiale regerings saam om provinsiale taalbeleid te formuleer wat die norme en standaarde vir taalbeleid op plaaslike regeringsvlak verskaf (Skedule 4 van die Grondwet). Volgens die riglyne

- moet munisipaliteite 'die inwoners se taalgebruik en voorkeure in ag neem' (Artikel 6(3)(a), en
- word munisipale rade verplig om die amptelike tale waarin daar gekommunikeer word, in 'n owerste munisipale taalbeleid of in 'n munisipale regulasie te stipuleer (Artikel 21(2) van die *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale strukture* (RSA 2000)).

Die meeste provinsies in Suid-Afrika beskik nou oor ten minste 'n konsep provinsiale taalbeleid. U kan by u plaaslike of distriksmunisipaliteitkantoor oor relevante taalbeleid in u gebied navraag doen. Hierdie beleid sal ook die mees dominante tale in u gebied aandui.

STAP 4: HOE KIES U DIE TALE?

GEBRUIK 'N PLAASLIKE TAAL

U moet meertalige tekens as 'n langtermyn belegging beskou. Die aanvanklike koste om meertalige tekens op te rig mag dalk effens hoër wees as gevolg van ekstra bewoording en vertaaldienste, maar op die lange duur word hierdie koste deur die voordele, beide funksioneel en simbolies, verreken.

'n Meertalige teken moet ten minste twee tale vertoon ('n tweetalige teken) en om praktiese doeleindes is dit raadsaam nie meer as vier tale op dieselfde bord te vertoon nie. Sou u vyf of meer tekens wil vertoon, kan u addisionele borde oprig. In tred met internasionale neigings stel ons voor dat u een of twee van die mees dominante plaaslike tale vertoon en 'n "toeristetaal" (Engels in die Suid-Afrikaanse geval) insluit.

WAAR KAN U INLIGTING OOR DIE MEES DOMINANTE PLAASLIKE TALE VERKRY?

Volgens die 2010 Sensus is die mees dominante eerste tale in die provinsies:

Tabel 1: Dominante eerste taal per provinsie in Suid-Afrika (Sensus 2011)

Oos-Kaap	
Xhosa	78.8%
Afrikaans	10.6%
Vrystaat	
Sotho	64.2%
Afrikaans	12.7%
Gauteng	
Zulu	19.8%
Engels	13.3%
Afrikaans	12.4%
Sotho	11.6%
KwaZulu-Natal	
Zulu	77.8%
Engels	13.2%
Limpopo	
Sotho	52.9%
Tsonga	17%
Venda	16.7%

Mpumalanga	
Swati	27.7%
Zulu	24.1%
Tsonga	10.4%
Ndebele	10.1%
Noord-Kaap	
Afrikaans	53.8%
Tswana	33.1%
Noord-Wes	
Tswana	63.4%
Afrikaans	9%
Wes-Kaap	
Afrikaans	49.7%
Xhosa	24.7%
Engels	20.3%

Dit is belangrik om daarop te let dat taaldominansie en –voorkeur van dorp tot dorp verskil. Sommige munisipaliteite het 'n taalvoorkeuropname uitgevoer, wat u by u plaaslike of distriksmunisipaliteit kan aanvra (indien beskikbaar). Alternatiewelik kan u na die sensusdata van u dorp verwys (statssa.gov.za).


STAP 5: HOE VERTOON U DIE TALE?

Oor die algemeen word die taal wat eerste vertoon word as die mees prominente taal beskou. Ons stel voor dat u die mees dominante plaaslike taal eerste plaas, gevolg deur 'n ander plaaslike taal. Byvoorbeeld, indien u die teken in 'n Afrikaanse gemeenskap oprig, probeer om Afrikaans eerste op die teken te plaas, gevolg deur Sotho, Engels of enige ander tale wat u wil gebruik.


Tale word gewoonlik onder mekaar geplaas, byvoorbeeld, Afrikaans eerste, Sotho tweede en Engels derde (indien u daardie drie tale gebruik). Dit kan egter die indruk skep dat Afrikaans belangriker as Sotho en Engels is, terwyl hulle inderwaardheid almal ewe belangrik is.

Daar is maniere waarop u die tweede en derde tale meer prominent kan laat voorkom. U kan byvoorbeeld die font verander deur dit groter of kleiner te maak of selfs 'n ander kleur te gebruik. Dit kan die tale as gelyk uitbeeld en ook lesers help om tussen die verskillende tale op die teken te onderskei, verwys na die voorbeeld op die volgende bladsy.


Wanneer mense 'n teken met meervuldige tale daarop sien, wil hulle hul verkose taal vinnig kan sien. Indien al die tale op dieselfde wyse vertoon word, is dit moeilik om te doen. As die verskillende tale egter elkeen in 'n ander font of kleur geskryf is, is dit makliker om die verkose taal raak te sien. Die illustrasies op die volgende bladsy wys hoe u dit kan doen.




Tale word deur middel van **kleur** onderskei.



Tale word deur middel van **font** onderskei.



Tale word deur middel van **strepe** tussen die tale onderskei.



Tale word onderskei deur op **aparte borde** wat aan mekaar verbind is, vertoon te word.

Soms sal u bord te klein wees om al die tale te vertoon wat u graag wil gebruik, of is dit om die een of ander rede nie moontlik om al die inligting te vertaal nie (volledige vertaling). Wat staan u in so 'n geval te doen? Die een opsie is om slegs die belangrikste inligting op u teken te vertaal (gedeeltelike vertaling). Die onderstaande voorbeelde illustreer hoe u te werk kan gaan:

AFRIKAANS

ALGEMENE HANDELAAR

.....

Ons bied:

Algemene huisware!

Vars produkte!
(vrugte en groente, vleis en brood)

'n Uitgebreide wegneemspyskaart!

Algemene handelsure:

08:00 – 20:00



Kafee-ure:
10:00 – 20:00



ENGELS

GENERAL DEALER

.....

Take-aways and general merchandise

Business hours:

08:00 – 20:00

Cafe:

10:00 – 20:00



Soos u kan sien, word slegs die kernboodskap vertaal, maar potensiële Afrikaanse klante kan steeds verstaan wat die winkel verkoop en wanneer dit oop is. Dit skep ook 'n gevoel van goedgesindheid teenoor die besighede.

STAP 6: HOE ONTWERP U DIE TEKEN?

Dit is baie belangrik om die teken te ontwerp sodat dit leesbaar is en maklik is om tussen die tale te onderskei. Om dit te bereik, moet u die volgende faktore in gedagte hou:

- Die kleur van die teken en die teks,
- die font van die teks en
- die spasiëring tussen letters, tussen woorde en tussen reëls.

KLEUR VAN DIE TEKEN EN DIE TEKS



Maak seker dat die kleur van die teks nie te na aan die agtergrondkleur is nie. Dit sal daartoe lei dat die woorde met die teken saamsmelt en u klante sal nie in staat wees om dit te lees nie. Probeer om pastel (ligte) kleure te vermy en kies eerder duidelike tekskleure. Byvoorbeeld:



 <p>Welkom in Suid-Afrika</p> <p>Le amohetswe Aforika Borwa</p> <p>Welcome to South Africa</p>	 <p>Welkom in Suid-Afrika</p> <p>Le amohetswe Aforika Borwa</p> <p>Welcome to South Africa</p>
Die Sotho en Engels kan nie maklik geles word nie, omdat die kleure te na aan die agtergrondkleur is.	Hierdie is beter. Al die tale kan maklik geles word.

FONT

Die woorde wat u op die teken plaas, moet maklik leesbaar wees, veral vir diegene wat verbyry. U kan dalk in versoeking gebring word om 'n sierlike font soos *Blackadder ITC* of *Viner Hand ITC* te kies, maar dit is baie moeilik om van 'n afstand of selfs van naby te lees! Probeer om duidelike fonts, soos *Californian*, *Verdana* of *Corbel* te gebruik. Maak seker dat die fonts duidelik van mekaar onderskeibaar is. Hieronder is voorbeelde van wat u kan gebruik en wat u verkieslik nie moet gebruik nie.

 <p><i>Welkom in Suid-Afrika</i> <i>Le amohetswe Aforika Borwa</i> Welcome to South Africa</p>	 <p>Welkom in Suid-Afrika <i>Le amohetswe Aforika Borwa</i> Welcome to South Africa</p>
<p>Hierdie fonts is te moeilik om te lees.</p>	<p>Hierdie fonts is maklik om te lees.</p>


LETTER-, WOORD- EN REËLSPASIERING

Letter-, woord- en reëlspasiëring is belangrike aspekte om in gedagte te hou wanneer u 'n teken ontwerp. Mense lees woorde as 'n geheel en nie letter-vir-letter nie en daarom, indien die spasiëring verkeerd is, sal die boodskap wat u probeer oordra, verlore raak.

Wanneer u letters spaseer, maak seker dat die spasiëring nou genoeg is om die hele woord te kan herken, maar nie so nou dat die leser nie tussen die letters kan onderskei nie. Die reëls tussen sinne en tale moet ook korrek gespaseer word sodat die sinne en tale maklik van mekaar onderskei kan word. Die volgende illustrasies demonstreer hierdie konsepte:

 <p><i>LeamohetsweAforikaBorwa</i> W e l c o m e t o S o u t h A f r i c a</p>	 <p>Welkom in Suid-Afrika <i>Le amohetswe Aforika Borwa</i> Welcome to South Africa</p>
<p>Die letters in die boonste sin is te naby aan mekaar en in die tweede sin is die letters te ver uitmekaar. Dit is moeilik leesbaar. Die reëlspasiëring tussen die twee sinne is ook te nou.</p>	<p>Hierdie letters is ver genoeg van mekaar af gespaseer en die reëlspasiëring onderskei ook duidelik tussen die tale.</p>

Indien u die teken self ontwerp, met of sonder behulp van 'n rekenaar, stel ons voor dat u van 'n ruitekaart gebruik maak:



Welkom in Suid-Afrika
Le amohetswe Aforika Borwa
Welcome to South Africa

Indien u nie van 'n ruitekaart gebruik maak nie, mag die teks opeengehoop of skeef vertoon, wat dit moeilik maak om te lees.

Welkom in Suid-Afrika
Le amohetswe Aforika Borwa
Welcome to South Africa

Die spasiëring tussen die reëls is dieselfde en groot genoeg om tussen die sinne en tale te kan onderskei.

Hoe om 'n ruitekaart te gebruik:

	Welkom in Suid-Afrika	Welkom in Suid-Afrika
	<i>Le amohetswe Aforika Borwa</i>	<i>Le amohetswe Aforika Borwa</i>
	Welcome to South Africa	Welcome to South Africa

1. Skep 'n ruitekaart
2. Plaas die teks
3. Finale uitkoms

Hierdie ses stappe sal u lei om 'n nuttige meertalige teken op te rig. Daar is nog 'n paar punte om in ag te neem.

ANDER PUNTE

GEBRUIK ERVARE VERTALERS

Taalvaardigheid in twee of meer tale beteken nie noodwendig dat 'n persoon vertaalwerk kan doen nie. 'n Opgeleide, ervare vertaler sal die beste resultate lewer. Vermy die gebruik van gerekenariseerde vertaalprogramme, aangesien programme nie die konteks waarin die individuele woorde gebruik word, in ag neem nie, en gevolglik 'n foutiewe vertaling kan lewer.

GEBRUIK OPGELEIDE LETTERSKILDERS

Meertalige tekens vereis noukeurigheid wat ontwerp en drukwerk betref. 'n Gevestigde drukker met 'n goeie reputasie sal die mees gepaste keuse wees om hierdie uitdaging aan te pak. Dit is raadsaam om 'n professionele letterskilder te raadpleeg indien u kan.

GEBRUIK GOEIE OORDEEL WANNEER TEKENS VERVANG WORD

Hierdie handleiding het nie ten doel dat alle eentalige tekens sonder verwyl en almal op een slag deur meertalige tekens vervang moet word nie. Ons stel

voor dat wanneer nuwe tekens opgerig moet word (vir 'n nuwe onderneming, na 'n naamsverandering, omdat die teken oud en afgeleef of selfs verwyder is), hulle meertalige in plaas van eentalige teks vertoon.

Navorsing in Ierland en sommige Skandinawiese lande het bevind dat die gebruik van plaaslike tale op openbare tekens 'n groot trekpleister vir toeriste is. 'n Drietalige teken wat die plaaslike tale (en natuurlik Engels as die toeristetaal) vertoon, verleen 'n ekstra fotogeleentheid aan besoekers en dra grootliks by tot die sonderlingheid van die plek wat hulle besoek. Hierdie aanloklikheid kan verder gevoer word deur besighede, geboue en strate in plaaslike tale te benoem. Onthou, jou tekens is jou taalhandtekening!

VERWYSINGS

AHLQVIST, A.

1999. What did we learn from this conference? Qu'avons nous appris de ce congrès? In K. Herberts and J.G. Turi (eds), *Proceedings from the Sixth International Conference on Law and Language*, 10–12 September/Septembre 1998, Vaasa/Vasa, Finland/Finlande, 451–454. Vaasa, Finland: Abo Akademi University.

DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM AND DEPARTMENT OF TRANSPORT.

1998. *South African manual for outdoor advertising control*. Pretoria: Department of Environmental Affairs and Tourism.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

1997. *Southern African Development Community road traffic signs manual*. Third edition. Pretoria: National Department of Transport.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

1999. *South African road traffic signs manual*. Pretoria: National Department of Transport.

GRIN, F. & VAILLANCOURT, F.

1999. The cost-effectiveness evaluation of minority language policies: Case studies on Wales, Ireland and the Basque Country. *ECMI Monograph #2*. Flensburg: European Centre for Minority Issues.

HUEBNER, T.

2006. Bangkok's linguistic landscapes: Environmental print, codewriting and language change. *International Journal of Multilingualism*, 3(1): 31–51.

JAMESON, SL, TATE, FN & JAMESON, AH.

2007. Evaluating the effects of bilingual traffic signs on driver performance and safety. *Ergonomics*, 48(15): 1734–1748.

LANDRY, R. AND R.Y. BOURHIS.

1997. Linguistic landscape and ethnolinguistic vitality: An empirical study. *Journal of Language and Social Psychology*, 16(1): 23–49.

PAVLENKO, A.

2008. Multilingualism in post-Soviet countries: Language revival, language removal, and sociolinguistic theory. *International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*, 11(3/4): 275–314.

PAVLENKO, A.

2009. Language conflict in post-Soviet linguistic landscapes. *Journal of Slavic Linguistics*, 17(1/2): 247–274.

REH, M.

2004. Multilingual writing: A reader-orientated typology – with examples from Lira Municipality (Uganda). *International Journal of the Sociology of Language*, 170: 1–41.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

1996a. *Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996*. Pretoria: Government Printer.

WELSH LANGUAGE BOARD.

2001. *A Guide to Bilingual Design*. Cardiff: Welsh Language Board.

MANUAL FOR MULTILINGUAL SIGNAGE



Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp and Theodorus du Plessis



UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



sb

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS
UV



MANUAL FOR MULTILINGUAL SIGNAGE

..... COMPILED BY

Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp and Theodorus du Plessis

.....

AFRIKAANS TRANSLATION BY JEANNE-LEANNE SMIT

sb **SUNBONANI
CONFERENCE**

Manual for Multilingual Signage

Chrismi-Rinda Loth, Joan-Marié Steenkamp and Theodorus du Plessis

Afrikaans translation by Jeanne-Leanne Smit

With compliments from the Unit for Language Facilitation and Empowerment (University of the Free State, Bloemfontein), sponsored by the Province Antwerp, Flanders (Belgium). Please feel free to contact the Unit for more information on 051 401 2087.

Published by Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd

Imprint: SunBonani Conference

All rights reserved

Copyright © 2013 Sun Media Bloemfontein and the Unit for Language Facilitation and Empowerment, University of the Free State

No part of this book may be reproduced or transmitted in any form or by any electronic, photographic or mechanical means, including photocopying and recording on record, tape or laser disk, on microfilm, via the Internet, by e-mail, or by any other information storage and retrieval system, without prior written permission by the publisher.

Views reflected in this publication are not necessarily those of the publisher.

First edition 2013

ISBN 978-1-920382-49-0 (Print)

ISBN 978-1-920382-50-6 (Online)

DOI: <https://doi.org/10.18820/9781920382506>

Set in Myriad Pro 13/15 pt

Cover design, typesetting and production by Sun Media Bloemfontein

This printed copy can be ordered directly from: media@sunbonani.co.za

The e-book is available at the following link: <https://doi.org/10.18820/9781920382506>

CONTENTS

FOREWORD	i
BACKGROUND	1
Why a manual on multilingual signage?	1
What is multilingual signage?	1
Why multilingual signage?	2
<i>Constitutional and legal requirements</i>	2
<i>International norm</i>	2
<i>Symbolic and functional value of multilingual signage</i>	4
But why not monolingual signage?	4
STEP-BY-STEP GUIDE	6
STEP 1: WHY DO YOU PUT UP A SIGN?	7
Government/official signs	7
Private signs	7
